VERKLARING EN VERBINTENIS VAN DIE NG KERK IN VERBAND MET MIV EN VIGS.

(soos aanvaar tydens die sitting van die Algemene Sinode van die NG Kerk Oktober 2003)

Die Nederduitse Gereformeerde kerk het op 14 Oktober 1998, tydens die sitting van sy Algemene Sinode reeds sy verbintenis tot die stryd teen MIV en vigs verwoord. Die volgende verklaring is 'n herbevestiging en uitbreiding van hierdie verbintenis.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk wil, in die voetspore van Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Here, sy roeping en betrokkenheid op die MIV/Vigsterrein op 'n priesterlike, koninklike en profetiese wyse vervul.

(1) Ons erken en bely:

- dat onkunde, vooroordeel en ontkenning nog in baie lidmate se harte leef
- dat ons nie altyd die vernietigende effek wat die MIV/vigs pandemie op ons gemeenskappe, gemeentes, gesinne en lidmate het, deur God se oë raaksien nie
- dat ons nie genoegsaam God se liefde teenoor MIV geïnfekteerdes en ge-affekteerdes uitleef nie
- dat ons as NG lidmate ook met MIV en vigs leef.

(2) Ons wil liefde en deernis betoon aan alle mense wat met MIV en vigs leef, geïnfekteerdes sowel as ge-affekteerdes. Ons wil dit doen deur:

- ons toe te lê daarop om begeleiding en ondersteuning te bied aan elkeen wat hartseer en pyn beleef, veral ook aan almal wat deur die kerk en breër samelewing verwerp of alleen gelaat is
- 'n Boodskap van Hoop en omgee aan lidmate wat met MIV en vigs leef oor te dra
- ons te beywer om mites, verkeerde gesindhede en diskriminerende optrede binne ons gemeentes en gemeenskappe af te breek en voorspraak te doen vir almal wat as gevolg van MIV en vigs ly
- ons gemeentes plekke te maak waar mense wat deur MIV en vigs geïnfekteerd of ge-affekteerd is, welkom en geborge sal voel.

(3) Ons wil diensbaar wees deur die omvattende nood in Suidelike Afrika te verlig. Ons wil dit doen deur programme en projekte, binne en buite ons gemeentegrense, te help ontwikkel, te implementeer en te ondersteun, wat o.a. sal insluit:

- versorging- en begeleiding van die groot getalle kinders wat wees gelaat word, o.a. ook deur gemeenskapsorgmodelle

- emosionele en geestelike begeleiding van geïnfekteerdes en ge-affekteerdes, o.a. deur ondersteuningsgroepe
- fisiese versorging van mense wat met MIV en vigs leef, insluitend tuis- en gemeenskapsorg
- inligting- en opvoedings-programme wat mense wat met MIV en vigs leef sal help om langer gesond te kan bly, asook om fisiese en emosionele pyn te verlig
- werkskeppingsprojekte

Bogenoemde impliseer ook die beskikbaarstel van kennis, mannekrag en fasiliteite tot ons beskikking.

(4) Ons wil die verspreiding van MIV bekamp deur die bou van Bybelse morele waardes t.o.v. seksuele gedrag.

- Ons roep egpare op om getrou aan mekaar as lewensmaats te bly.
- Ons roep ouers op om hulle verantwoordelikheid t.o.v. seksopvoeding van hulle kinders na te kom
- Ons roep kinders, jongmense en volwasse individue op om seksuele verkeer voor die huwelik uit innerlike oortuiging as Christene te vermy

(5) Ons wil die omstandighede wat die vinnige verspreiding van MIV infeksie aanwakker, teenwerk. Ons wil alles in ons vermoë doen om :

- gesinslewe van ons lidmate, geskoei op Bybelse beginsels, te versterk
- armoede, geweld teen vroue en kinders, asook dwelmmisbruik te bekamp
- korrekte en volledige inligting oor MIV en vigs beskikbaar te stel
- vrywillige toetsing vir MIV, veral ook onder ons lidmate, aan te moedig
- die boodskap van seksuele onthouding voor die huwelik ondubbelsinnig oor te dra en om die implikasies van ander beskermingsmaatreëls te verduidelik
- aktief daaraan te werk om die stigmatisering en veroordeling van mense met MIV en vigs teen te werk

(6) Ons verklaar dat ons in hierdie belangrike saak samewerking en vennootskappe met relevante rolspelers soek, aanmoedig, en waar nodig kerklike strukture sal skep om samewerking te bevorder.

Ons bede is dat God Drie-enig ons as NG Kerk die krag sal gee om as gehoorsame getuie van die Evangelie, ons verantwoordelikheid en roeping,tot eer van Sy Naam en tot uitbreiding van sy koninkryk, na te kom.

---000---